

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
6 Mei 1978

Onderwerp: Lewe deur die Gees
Pinksterdiens 3

Lees: Romeine 8 verse 12 tot 17

Teks: Romeine 8 verse 12 tot 17

Sing: Psalm 42 verse 1 en 5
Gesang 106 vers 4

“Broers en Susters, Romeine hoofstuk 8 is Paulus se kragtigste preek oor die Heilige Gees. Dit begin in vers 12 met: ‘Daarom dan, broeders’, wat sê dat Paulus ons tot ’n logiese gevolgtrekking oor die Heilige Gees wil bring.

“Paulus sê: omdat daar geen oordeel meer vir julle wag nie (Rom 8:1); omdat die Heilige Gees ons vry gemaak het van die mag van sonde (Rom 8:2); omdat ons ou lewe in diens van sonde beëindig is (Rom 8:10); omdat die Heilige Gees aan ons ’n nuwe lewe gegee het (Rom 8:10); omdat hierdie dinge objektief waar is in die lewe van die gelowige: ‘Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie; want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.’ (Rom 8:12,13) Jou ou lewe in diens van die sonde is beëindig en die Heilige Gees het jou ’n nuwe lewe gegee.

“Dit is logies dat iemand wie se ou lewe beëindig is, werklik met sy ou lewe sal ophou. Dat iemand wat deur die Heilige Gees ’n nuwe lewe ontvang het, hierdie nuwe lewe sal leef en sy lewe daadwerklik in diens van sy Meester sal stel.

“Maar Broers en Susters, het u al uitgevind hoe verbasend onlogies mense is? Ons ontvang ’n nuwe lewe van die Gees, maar dan bly ons voortlewe onder die mag van die sonde. So asof ons nuwe lewe aan die vlees verskuldig is. Paulus moet waarsku: Broeders, ons is skuldenaars, nie aan die vlees, om onder die heerskappy van die vlees te leef nie. So moet hy waarsku, omdat dit presies is wat ons doen. Ons gee ons lewe oor aan Jesus Christus, maar ons leef voort in die diens van die sonde, asof ons vir Satan leef.

“Weet u, ons het ’n manier om dinge só om te draai. Ons sê so maklik God is onlogies, God is onbegryplik. Ons sê ’n mens moet die dinge in die Bybel maar net glo, jy kan dit nie verstaan nie. Maar dit is nie waar nie, Broers en Susters. Die Evangelie is logies. Die Evangelie sê Jesus Christus het jou ou lewe beëndig en jou ’n nuwe lewe gegee. Hou nou op met jou diens aan die sonde. Leef nou daardie nuwe lewe. Dit is logies, maar dit is ons wat so onlogies is. Dit is ons wat so onbegryplik vreemd optree.

“Alhoewel die Gees ons ’n nuwe lewe gegee het, gaan ons voort met die ou lewe. Ons het al die skatte van Romeine 8 ontvang, maar desnieteenstaande gaan ons voort met ons lewe in die vlees. Dit is geen wonder dat ons nie geloofsekerheid het nie.

“Wat is geloofsekerheid?

“Geloofsekerheid is nie iets wat ’n mens kan soek nie. As jy geloofsekerheid soek, sal jy dit nooit kry nie. As jy in jou eie binneste begin grawe, sal jy dit nooit vind nie. Was my bekering eg? Is my geloof sterk genoeg? Het ek die HERE op die regte manier aangeneem?

“Geloofsekerheid lê nie in jouself nie. ‘Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.’ (Rom 8:14) Dit kan ook vertaal word: almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, dit wil sê ophou met hulle ou lewe en begin om hulle lewe daadwerklik aan die HERE te wy, hulle is kinders van God. Jy kry dus geloofsekerheid uit jou verhouding met die HERE. Wie werklik met die HERE saamlewe, ontvang deur die Heilige Gees die oortuiging dat hy ’n kind van God is. Dit is soos ’n liefdesverhouding. Jy kry nooit sekerheid of iemand jou lief het as jy nie in nabyheid met daardie persoon leef nie.

“Daarom moet ons luister na Paulus se opdrag: ‘... as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.’ (Rom 8:13) Dit moet die algemene uitgangspunt van ons lewe wees. Ons is inderdaad vir die sonde dood en lewend vir God, omdat Jesus ons lewe is.

“Die konklusie is: laat sonde nie in julle stoflike liggame heers nie; en moenie julle lewe tot beskikking van die sonde stel nie. (Rom 8:12,13)

“Let op, hier staan nie dat ons in onself die ou lewe moet beëndig nie. Nee. Paulus skryf: ‘maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.’ (Rom 8:13) Dit is dus slegs moontlik deur die Heilige Gees. Daar moet dus samewerking tussen

ons en die Heilige Gees wees. Hy moet ons Leidsman wees.

“Broers en Susters, geniet dit om ’n kind van God te wees. Waarom vrees u nog? (Rom 8:15) As u Jesus aangeneem het, het u die Heilige Gees ontvang. Die Gees wat u vanaand wil leer om vir God ‘Vader’ te sê. ‘Abba, Vader’ is die vertroulike woord vir Vader, amper soos ‘Pappa’. Ja, deur die Heilige Gees kan ons vertroulik naby God wees, kan jy Hom alles vertel van jou lewe. Jy is ’n kind van God. God het jou in Jesus Christus as sy kind aangeneem.

“Nou mag hierdie uitdrukking ’n bysmaak hê, omdat aangenome kinders dikwels ’n hondelewe ly. Maar Broers en Susters, dit is soos die twee broers wat vir die juffrou moes sê wanneer hulle gebore is. Die een sê: ‘1 Mei’ en ander: ‘12 Augustus’ van dieselfde jaar. Die juffrou vra toe hoe dit moontlik is dat twee broers drie maande uitmekaar gebore is? ‘Juffrou, een van ons is ’n aangenome kind, maar ons weet nie watter een nie.’

“Dit is die Evangelie van God. God het een natuurlike Seun en ’n hele klomp aangenome kinders, wat Hy nie anders behandel as sy eie Seun nie. Dit is wat vers 17 sê: as ons kinders van God is, al is ons aangenome kinders, is ons ook erfgename, erfgename van God. En Broers en Susters, dit is nie tweedeklas erfgename nie. Nee, ons is mede-erfgename van Jesus Christus. Wat Jesus Christus geërf het, gaan ons ook erf. Broers en Susters, dit is genade!

“Maar dit beteken ook dat wat die lyding betref, God ons ook op gelyke voet met Jesus behandel. Vers 17 sê: ‘en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.’ Ons sal ook saam met Hom ly, maar dan sal ons ook saam met Hom verheerlik word.

“Paulus weet verseker dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat ons gaan erf by die wederkoms van Jesus Christus nie. Hieroor môreaand meer.

“Intussen moet ons nog twee sake in besonderheid beskou: geloofsekerheid en vervulling met die Heilige Gees.

“Geloofsekerheid.

“Is geloofsekerheid hoogmoed?

“U weet daar is mense wat dink dit is hoogmoed om te sê: ‘Ek is ’n kind van God.’ Hulle vra: is dit nie aanstellerig nie? Kan ’n mens so ’n aanspraak maak?

“Mense verwar dikwels geloofsekerheid met volmaaktheid. Hulle dink dat as ’n mens ’n kind van God is, dan moet jy volmaak wees.

“Broers en Susters, die hele gedagte dat geloofsekerheid hoogmoed is, is ’n mistasting. Natuurlik kan ’n mens op ’n hoogmoedige wyse sê: Ek is ’n kind van God. Ek is beter as ander. Maar dit is nie egte geloofsekerheid nie.

“Weet u wat is egte geloofsekerheid? Iemand wat seker is van sy geloof in Jesus Christus is iemand wat weet hoe onwaardig hy is. Dit is om te erken: ek kan nie my eie bankrot boedel beredder nie. Ek moet van elders hulp kry, anders gaan ek onder. Geloofsekerheid is om jouself gering te ag en aan jouself te wanhoop. En nie enige hulp help nie. Dit is nét God wat kan help. Geloofsekerheid is die teendeel van hoogmoed. Dit is selfvernedering.

“Vervulling met die Heilige Gees.

“Is vervulling met die Heilige Gees die oplossing van al my probleme?

“Broers en Susters, dit is op sig self al ’n vraag waarom Paulus so selde oor vervulling met die Heilige Gees praat. Hy doen dit een keer: ‘Moenie dronk word van wyn nie - daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.’ (Ef 5:18)

“Maar as die vervulling met die Heilige Gees dan so ’n belangrike saak is, waarom praat Paulus so min daarvoor? Die antwoord is: hy verwys nie selde daarna nie. Alhoewel die uitdrukking ‘vervulling met die Heilige Gees’ ontbreek, verwys hy in sy briewe daarna en kom dié betekenis dikwels duidelik na vore. Trouens, vervulling met die Heilige Gees is presies waarmee ons vanaand besig is.

“Vervulling met die Heilige Gees is om te leef onder die heerskappy van die Heilige Gees. Dit is nie iets wat ek eers later ontvang nie. Paulus sê dit is ’n logiese konklusie vir iemand wat tot die geloof gekom het. As jy tot die geloof in Jesus Christus gekom het, hét die Heilige Gees jou vervul en jou ’n nuwe lewe gegee. Jy moet ook daarvolgens leef. God se doel met die Heilige Gees in ons lewens is dat ons, ons saligheid moet uitleef en sy getuies moet wees.

“Mag God gee dat ons elke dag hierdie pad sal loop.

“Amen.”